

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/02
Reading and Directed Writing

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Vraag 1: Skryf antwoorde in hulle eie woorde wat duidelike begrip van die vrae en die teks toon.
- In Vraag 2 en 4: Gebruik die verlangde formaat en lewer 'n goed beplande skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en 'n logiese progressie toon.
- In Vraag 3: Skryf 'n kernagtige opsomming en 'n gemotiveerde vergelyking in goed versorgde taal en in hulle eie woorde.

Kommentaar op spesifieke vrae

Vraag 1

- (a) – (c) Die meeste kandidate het hierdie vrae korrek beantwoord.
- (d) Alhoewel die meeste kandidate hierdie vraag reg beantwoord het, het sommige slegs na een plek in hul antwoord verwys.
- (e) Die meeste kandidate het hierdie antwoord reg gehad, maar sommige het slegs een punt gekry omdat hulle 'n lang sin i.p.v. 'n sinsdeel as motivering gegee het. Dit was verblydend om te sien dat die meeste kandidate aanhalingstekens gebruik het.
- (f) Hierdie vraag is meestal korrek beantwoord, maar sommige kandidate het hul punt hier verbeur omdat hulle hul antwoord direk uit die teks neergeskryf het en dus nie begrip getoon het nie.
- (g) Die meeste kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord en twee punte gekry. Sommige het net een punt gekry omdat hulle net gesê het hy sou geld wou hê (en nie ook minder vrae of gepraat nie).

Vraag 2

Talle kandidate het goed gevaar met hierdie toespraak deur 'n hoofseun/hoofmeisie aan die skool. Baie het die inligting in die leesstuk op 'n vars en oorspronklike manier aangewend.

Die volgende verdien egter steeds aandag:

- Die gehoor moet aan die begin aangespreek word (“Geagte ...”)
- Hoofpunte moet deeglik gemotiveer word.
- Oorredende taal moet gebruik word.
- Retoriese vrae kan doeltreffend ingespan word.
- Die toespraak moet afgesluit word met 'n finale beroep aan die gehoor of 'n treffende slotopmerking.

Kandidate moet herinner word dat puntuasie baie doeltreffend in 'n toespraak ingespan kan word om gevoelens oor te dra.

Vraag 3

Die meeste kandidate het goed in die opsomming gevaar.

Algemene punte waarna opgelet moet word:

- Kandidate moet genoeg inligting verskaf.
- Kandidate moet hul eie woorde gebruik.
- Kandidate hoef nie aanhalings gebruik om hul stellings te staaf nie. Dit mors kosbare woorde.

Vraag 4

Talle kandidate het goed in hierdie vraag gevaar. Baie het die inligting in die leesstuk skeppend gebruik om 'n interessante koerantberig te skryf.

Kandidate moet herinner word dat slegs inligting uit die leesstuk as basis vir die skryfstuk gebruik moet word.

Die korrekte vorm vir die koerantberig moet gebruik word:

- Die eerste paragraaf bestaan gewoonlik net uit een sin waarin die volgende vrae (5 W's en 'n H) beantwoord word: **Wie? Wat? Wanneer? Waar? Waarom? Hoe?**
- Daar moenie in die eerste persoon geskryf word nie (selfs al was die joernalis by die skuiling).
- Verwys hoofsaaklik na mense by die naam in plaas van met behulp van persoonlike voornaamwoorde.
- Aanhalinge deur betrokkenes maak 'n berig oortuigender.
- Die laaste paragraaf bestaan dikwels uit een sin waarin 'n mening gegee of gevolgtrekking gemaak word.

Die korrekte en doeltreffende gebruik van paragrafering en puntuasie verdien ook meer aandag.

FIRST LANGUAGE AFRIKAANS

Paper 0512/03
Continuous Writing

Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate:

- seker te maak dat hulle redelike kennis van, of insig in die onderwerp kan wys, anders moet hulle liever 'n ander onderwerp kies
- menings en argumente in beredenerende en argumenterende opstelle met bewyse te motiveer
- hul opstel te proeflees.

Algemene kommentaar

Die meeste kandidate wat Afrikaans as 'n eerste taal aanbied, beskik oor 'n redelike woordeskat en beheer van Afrikaans sodat hulle hul idees akkuraat kan uitdruk. Die idees van kandidate wat goeie werk gelewer het, is oortuigend uiteengesit en hulle kon die taak doeltreffend voltooi. In sommige gevalle was die inhoud gepas, maar nie oortuigend of omvattend genoeg nie.

Sommige opstelle is bederf deur slordige taalgebruik, bv. "Ek het die skool gelos"; die gebruik van die woord "vat" in plaas van neem, bv. "Vat byvoorbeeld Zimbabwe"; "daai" i.p.v. daardie; "veloor" i.p.v. verloor en "lat" i.p.v. laat. Party kandidate skryf dus soos hulle praat en nie volgens die standaardtaalreëls nie.

Dit lyk of sommige kandidate Afrikaans redelik goed ken, maar nie die geskrewe vorm daarvan meer genoeg sien nie, of hulle opstelle nie proeflees nie, vandaar die volgende foute:

- foutiewe hooflettergebruik in die middel van sinne
- Engelse uitdrukkings wat direk vertaal word: "Dit het "in die drein afgegaan".
- verkeerde gebruik van diakritiese tekens, of weglaat van dié tekens:
 - érens i.p.v. êrens; treë i.p.v. tree; geignoreer; i.p.v. geïgnoreer; werêld i.p.v. wêreld; kroë, i.p.v. kroëë; geeindig i.p.v. geëindig
- Algemene spelfoute:
 - samestellings word los geskryf, bv. sand duine, i.p.v. sandduine; rond dwaal, i.p.v. ronddwaal; drank probleme i.p.v. drankprobleme; aan gaan i.p.v. aangaan; hitte golwe, i.p.v. hittegolwe
 - foutiewe spelling van lang vokale, bv. ervaring i.p.v. ervarings; naste i.p.v. naaste; dans i.p.v. dans; gehaad i.p.v. gehad; probleme, i.p.v. probleme
 - spelfoute waar woorddele foutiewelik vas geskryf word, bv. om tebetaal, i.p.v. om te betaal; huistoe tery i.p.v. huis toe te ry
 - ander spelfoute: proebleem i.p.v. probleem; toetaal i.p.v. totaal; herhinderinge i.p.v. herinneringe; hardseer i.p.v. hartseer; hartkoppig i.p.v. hardkoppig
- Leestekenfoute, byvoorbeeld:
 - hoofsinne word verbind met kommas in plaas daarvan om 'n kommapunt in die plek van die komma te plaas (of twee afsonderlike sinne te skryf), of twee sinne word sonder leesteken of voegwoord tussenin geskryf.
"Chanelle se stem laat my skrik, dis dié dat ek toe orent sit."
Chanelle se stem laat my skrik; dis dié dat ek toe orent sit.
"Iets is nie lekker nie die vliegtuig maak 'n snaakse geluid."
iets is nie lekker nie, want die vliegtuig maak 'n snaakse geluid.

Party kandidate het ook opstelle geskryf wat te lank of te kort was.

Kommentaar op spesifieke opstelonderwerpe

Onderwerp 1

Heelwat kandidate het hierdie onderwerp gekies. Party het 'n verhalende opstel geskryf waarin hulle vertel het van 'n verkeerde besluit wat hul eie of iemand anders se lewe beïnvloed het, ten goed of ten kwade. Party fiktiewe verhale was nie altyd geloofwaardig nie en die kwaliteit middelmatig. Die meeste verhale wat eie ervarings beskryf het, was verdienstelik en het eg oorgekom.

Onderwerp 2

Hierdie onderwerp was deur min kandidate aangepak.

Onderwerp 3

Hierdie onderwerp was die gewildste, want die tienerkandidate kon hierby aanklank vind en het genoeg idees daarvoor gehad. Die argumente en standpunte wat in die opstelle gebruik is, stem baie ooreen, nl. die kwessie van groepdruk en die invloed van maats. Die meeste opstelle oor hierdie onderwerp was dus toepaslik.

Onderwerp 4

Hierdie verhalende opstel was 'n gewilde keuse, waarskynlik omdat 'n verhaal rondom die onderwerp geweef kon word. Ongelukkig was party verhale nie oortuigend nie, maar daar was ook interessante opstelle wat die leser geboei het.

Onderwerp 5

Hierdie onderwerp is wel deur enkele kandidate gekies, maar party van hulle het soms afgedwaal en nie net oor geskenke wat "ewigheidswaarde" het, geskryf nie, maar ook oor dinge wat slegs van tydelike aard is.

Onderwerp 6

In hierdie beredenerende opstel moes die kandidate met die negatiewe stelling oor die toestand van die wêreld saamstem, redes verskaf vir die toestand en gemotiveerde oplossings vir die probleme aan die hand doen. Feite wat hieroor gegee word, kan nie uit die lug gegryp word nie en vereis dus 'n redelike mate van algemene kennis oor die huidige situasie in die wêreld. Daar is veralgemeen in die opstelle, maar tog het 'n redelik groot aantal kandidate hulle hier goed van hul taak gekwyd en goed geordende skryfstukke ingelewer.

Onderwerp 7

Hierdie onderwerp was deur min kandidate aangepak.

Onderwerp 8

As jong mense, kon die kandidate ook by hierdie onderwerp aanklank vind. Die idees wat uitgedruk is, was meestal toepaslik, hoewel die inhoud soms herhalend was. Die leerders wat hierdie onderwerp gekies het, het hul argumente om 'n sentrale tema gebou.

Onderwerp 9

Hierdie onderwerp bevat ooreenkomste met onderwerp 6 omdat dit weer 'n stelling oor 'n aktuele saak is wat beredeneer moet word en waarin argumente op feite behoort te berus. Die meeste kandidate het oor die nodige kennis beskik om oortuigende standpunte te stel en te motiveer.